

**“Ek is die Ware Wingerdstok...” Johannes 15:5**



**Wat is daar in jou lewe wat op die oomblik vir jou onmoontlik is? (Sake wat jy nie kan verander nie, wat op die oomblik groot in jou lewe is, wat net Jesus kan wees of doen...)**

**Lees Johannes 15:1-17**

Wat tref jou met ‘n eerste lees uit hierdie gedeelte?

**Vers 1-5: Ons is lote wat moet vrug dra**

**Wat beteken dit dat Jesus die ware wingerstok is – v 1? (Daar is moontlik ander wingerdstokke ook, maar hierdie is die egte, enigste ware wingerstok. Hoe kan Jesus hierdie aanspraak maak?)**

**Wat sou dit beteken as God die Vader die boer is – v 1? (Watter verantwoordelikheid het ‘n boer vir sy wingerd? Hoe kan dit ons help om God se verantwoordelikheid teenoor ons te verstaan?)**

**Ons is die lote wat veronderstel is om vrug te dra – v 2. Dit is duidelike dat Jesus se plan is dat ons moet vrug dra. Wat wil hierdie gedeelte sê gaan ons help om vrug te dra? (moet in kontak bly met wingerdstok, in Jesus bly, reg gesnoei word, toelaat dat Jesus se woorde ons vorm, snoei)**

- Watter waarde het “reg-snoei” vir ‘n wingerd – v 2, 3, 4?
- Hoe word ons vandag nog gesnoei? En wat is gewoonlik ons reaksie op hierdie tipe sake? (raak soms kwaad vir God, opstandig, dink nie Hy gee om nie, twyfel selfs in ons geloof!)
- Watter waarde wil hierdie snoei dus eintlik in ons lewe tot gevolg hê?

**Vrug dra word ook bepaal deur die seisoen waarin ons is, bv in die winter is daar geen druiwe nie.** In ons lewens is daar ook sekere tye waarin dit vir ons voel dat ons dit nie regkry om vrug te dra nie. Deel met mekaar julle ervarings hieroor. Hoe moet ons hierdie tye hanteer?

*(sleutel is v 5-8: Bly in Jesus...)*

**Vers 5-8: Ons kan alleen vrug dra as ons in Jesus bly**

**Die opdrag is hier baie duidelik dat ons in Jesus moet bly. Hoe bly ‘n mens prakties in Jesus?**

*(Dit kan sake insluit soos, bly volledig afhanklik van Hom, besef hierdie kontak is lewensbron, Spandeer tyd met Hom, laat God se woorde in ons bly – v 7, vrug dra, dissipels wees, God verheerlik...)*

**Hierdie “bly-in My-opdrag” beteken ook dat Jesus Hom aan ons bly verbind. Hy neem die inisiatief – v 16.** Ons hoef dus nooit te dink dat dit ons godsdienstige vroomheidshandelinge is wat hierdie konneksie met Jesus inisieer of selfs in stand hou nie. **Wat wil vers 5 hieroor sê?**

**Waarom is vroomheidshandelinge tog belangrik** – sake soos stiltetyd, bybellees, gebed, kerkbywoning, ens?  
*(nie as pogings om of bewyse van vrugdra nie, eerder om ons konneksie met Jesus te verdiep...)*

### **Vers 9-17: Om in Jesus te bly, beteken ten diepste om in sy liefde te bly**

**Hoe bly ons in Jesus se liefde?** Of in ander woorde, hoe wys ons lewens dat ons vir Jesus lief is – twee groot sake?

- **v 10?**
- **v 12-13?**

**Lees Joh 14:13 en Joh 15:7 en Joh 15:16b.**

**Hoe gaan ons gebedslewe verander as ons in Jesus bly?**

**Watter voorwaardes is daar in aldrie hierdie verse vir ‘n gesonde gebedslewe?**

**NB uitdaging: Watter een saak daag jou uit om in hierdie week anders te gaan leef?**

**Saambid**